**BAY TYRES**
MAIN ROAD, GANSBAAI
BEST PRICES & SERVICE IN TOWN
**Free**
Safety check on tyres, brakes suspension and wheel alignment.

ANDRÉ / ERNA / JUDITH
074 690 6882

**Gans Berg** Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford
28 Januarie 2022 80ste Uitgawe R7.00

SUPERSPAR
Main Road, Gansbaai
028 384 0269
MON - THUR: 08H00 - 19H00
FRIDAYS: 08H00 - 20H00
SATURDAYS: 08H00 - 19H00
SUNDAYS: 08H00 - 15H00

Page 3 Nuwe Apteker
Page 5 Boetie Bosman
Page 12 Gemeenskap teen Bende-geweld
Page 15 Cassie Carstens
Page 16 Aartjie na sy Vaartjie

# Matrieks se spoggerige prestasies -Overstrand / Overberg-

Gans-Berg Nuus, die plaaslike gemeenskapskoerant vir die Overstrand en Overberg-gedeeltes, wens ons matriekleerders van harte geluk met 2021 se puik matriek-uitslae en baie onderskeiding wat behaal is. Net die beste vir jul toekomsplanne word julle toegewens.
**Die Gans-Berg Nuusspan**

**Hoërskool Hermanus**
Slaagsyfer - 100%; Universiteitstoelating - 132 uit 152 (86%); Vakonderskeidings - 186; Top-presteerders (19): Vion Wium (91.8%), Caleb Riordan (90.7%), Kara Slabbert (90%), Helena Nolte (89.2%), Kirsten Koen (88.7%), Mikhael van Baalen (88.4%), Shonay Oelofse (87.3%), Kirsten Sutherland (86.7%), Jordan Theron (86.2%), Naude van Dyk (86%), Hanno Scheepers (85.3%), Nielen Seldte (84.7%), Mia le Roux (83.5%), Mieke Ludek (82,7%), Chwayita Mananga (82.3%), Mieke Ludek (82.7%), Misha Horn (81.5%), Kian Carstens (80.7%), Francois Theron (80.3%) en Shannon Moody (80%).

**Hoërskool Curro**
IEB slaagsyfer - 100%; Universiteitstoelating - 96%; Gesamentlike A's - 19%; Gesamentlike C's en hoër - 71%; Graad-gemiddeld - 66.32%; Onderskeidings - 27 vakke; Gemiddelde onderskeidings per kandidaat - 1.3.


Elizabeth Montgomery
89,57% aggregate
6 distinctions


Kerin Helmbold
84,14% aggregate
5 distinctions


Stephanie Hodson
83,29% aggregate
6 distinctions


Marc de Villiers
80,86% aggregate
5 distinctions


William Howe
80% aggregate
5 distinctions

**Northcliff House College**



Passing rate - 100%; Distinctions - 5 distinctions overall; Celesté Nel with an 80% average; 10 of the 13 Gr 12's achieved Bachelors passes.
See picture: Front - Sisipho Lifaba and Richard Southey. Middle - Ciske Agenbag, Papadi Lieke and Nilene Roux. Back - Mrs Barbara Liefeldt (Vice-Principal), Adriaan Nel, Celesté Nel, Mr Gerhard Coetzee (Principal), Lukhanyo Ngane and Zion Baatjies. Not on the picture: Brooklyn Brazier, Zukhanye Mqambalala, Khanya Sigwilli and Lerato Tsotetsi.

**Hoërskool Bredasdorp**
Slaagsyfer - 99%; B-gemiddeldes - 18; C-gemiddeldes - 34; Klasgemiddeld - 61,7%; Vak A's - 77; Vak B's - 139; Universiteitstoelating - 88,88%.
Toppresteerders (A-gemiddeldes):
George de Kock - Gemiddeld 87,83%, Afrikaans (85%), Engels FAL (85%), Wiskunde (85%), Besigheidstudies (94%), IT (86%), FW (86%), Rekeningkunde (92%) en LO (85%).
Marnél Retief - Gemiddeld 85,17%, Afrikaans HT (86%), Engels HL (85%), Wiskunde (79%), Besigheidstudies (93%), Verbruikerstudies (84%), LW (84%) en LO (94%).
Fatoumar Diop - Gemiddeld 84,83%, Engels HL (77%), Afrikaans FAL (92%), Wiskundige Geletterdheid (89%), Verbruikerstudies (83%), LW (77%), Toerisme (91%) en LO (81%).


Fatoumar Diop


George De Kock


Marne Retief


Lulah Killingbeck



**Equestrian Archery:**
Lulah Killingbeck, Gr 9B, competed in the WFEA (World Federation of Equestrian Archery) World Rankings on 11 & 12 December 2021 and achieved 3rd place in South Africa with 83.18 points. Her points placed her number 41st in the world in her age group of under 16 girls and boys for which she received a medal.


Melissa Stemmet

**Hoërskool Overberg, Caledon**
Melissa Stemmet, 'n Gansbaaier, spog met 'n A-gemiddeld (80.3%) en 6 onderskeidings.
Slaagsyfer - 99%; Graadgemiddeld - 65.9%; A-gemiddeld - 14 leerders; B-gemiddeld - 20 leerders; A-vakonderskeidings - 155; Universiteitstoelating - 92%.
3 leerders met 7 onderskeidings; 7 leerders met 6 onderskeidings; 3 leerders met 5 onderskeidings; 6 leerders met 4 onderskeidings.
3 Top-presteerders - Benjamin Lourens (90.5%, Aldrich Opperman (87.5% en Xeniah Ockhuis (87.3%).


Benjamin Lourens


Aldrich Opperman


Xeniah Ockhuis

**Gansbaai Academia**
Subjects with 100% pass rate: English FAL, IsiXhosa HL, Life orientation, Computer Applications Technology (CAT) and Hospitality studies.
A-symbols - 24 and B-symbols - 74.
Top 8 Candidates:
Rianska Le Roux (77%), Salome Sande (76%), Melisa Nyamukondiwa (72%), Yongama Mqalekana (70%), Ane van Deventer (70%), Marlin Europa (67%) and Bongeka Sidelo (67%).
**Subject results:**
IsiXhosa:
Dayimani Nosiyabonga (80%), Madubela Welane (80%), Ntingashe Esihle (81%), Shologu Elethu, Molise Sehapotso (82%), Madula Odidi (82%) and Jayiya Thandazwa (86%).
English FAL:



Rianska Le Roux

Nina Wickenden (80%), Riana le Roux and Danika Theron (81%), Rianska le Roux (82%), Salome Sande (83%) and Melisa Nyamukondiwa (87%).
Accounting:
Marlin Europa (89%) and Melisa Nyamukondiwa 92%).
Business studies:
Elethu Shologu (80%), Odidi Madula (84%), Sehopotso Molise and Yongama Mqalekane (89%) and Salome Sande (93%).
Life science:
Melisa Nyamukondiwa (82%).
Life orientation: Aaminah Andries, Riana le Roux and Ane van Deventer (80%).

**Hardus Botha**

# Mayor congratulates matric class of 2021

Overstrand Executive Mayor, Dr Annelie Rabie, congratulates all our matriculants within the Overstrand area on their wonderful results in the 2021 National Senior Certificate examination as well as the Cambridge Advanced Subsidiary Level and International General Certificate of Education.
Their hard work really paid off for many of the learners and we celebrate with the top pupils as well as the individual achievements of every matriculant.
Hermanus High, Curro Hermanus, Nortchliff House College and Generation Schools boast a 100% pass rate. Gansbaai Academia received a 73,8% pass rate, Hawston Secondary achieved a pass rate of 75,8% and Qhayiya Secondary School in Zwelihle achieved a pass rate of 71.29%.
"We would also like to acknowledge all the teachers and family members who have put in hours of hard work throughout the year to mentor, support, and prepare learners and help them reach their full potential," she said.
Mayor Rabie encourages those who did not do well, not to lose hope and give up, but to give it another try or to explore other educational options within the system.
The mayor extends her best wishes to them all for their future endeavours and encourages them to hold the Overstrand name high.

***Overstrand Municipality***




Watertech Plumbing
Kontak nr: 081 403 1151 (Lizle Germishuys)
081 377 8165 (Johan Germishuys)
Kantoor Nr: 028 007 0429
Na Ure: 082 464 7226
Gelisensieerde Loodgieter en PIRB geregistreerd.
Ons werk tans van die huis af te Kano str 23, Gansbaai.




For any news contact Hardus at info2@gansberg.co.za


# Energieke nuwe Bestuurder/Apteker vir Gansbaai Apteek -Emile Calitz-

"Ek besef dit gaan 'n moeilike aanpassing wees, veral om as 'n jong persoon die gemeenskap se vertroue as apteker te wen," vertel Gansbaai se nuwe Bestuurder/Apteker van die Arrie Nel Apteekgroep, Emile Calitz (25). "Tog het ek reeds ondervind dat meer as 90% van die omgewing se mense vriendelik en bedagsaam is en ek voel reeds baie welkom en tuis hier in Gansbaai." Tydens die onderhoud met Gans-Berg Nuus en die vrae wat gestel is, het dit duidelik geblyk dat hierdie dinamiese jongman nie op sy baadjie getakseer moet word nie.

Emile vertel dat hy tydens sy studiejare by verskeie apteke gewerk het en sodoende reeds baie ervaring opgedoen het. Na die voltooiing van sy studies, het hy besluit dat hy nie vir stede kans sien nie. "Ek het gehoor van die Arrie Nel Groep se vakante pos in Gansbaai en was suksesvol met my aansoek," het Emile gesê. Op 5 Januarie 2022 het hy as Bestuurder/Apteker ('Verantwoordelike Apteker') begin werk - sy heel eerste pos in sy beroepslewe.

Emile het in Potchefstroom grootgeword, waar hy in 2015 matrikuleer. Vanaf 2016 studeer hy aan die Potchefstroomse Universiteit en verwerf die B.Pharm-graad aan die einde van 2019. Daarna is hy na Kaapstad waar hy sy verpligte internskapsjaar in 2020 aan die Groote Schuur Hospitaal doen. Vir sy verpligte gemeenskapsjaar in 2021 is hy na 'n privaat apteek in Ventersdorp. Hierdie twee jaar nadat studente afstudeer het, is vereistes in die aptekersberoep.

"Altwee hierdie verpligte diensjare beteken baie vir praktiese ondervinding in die aptekerswese," vertel Emile. "Veral tydens die internskapsjaar by Groote Schuur Hospitaal kry 'n mens te doen met 'n verskeidenheid van aspekte in die sale, soos die hantering van binne-aarse drups, kankergevalle, die prosesse van chemo en veel meer."


*Emile Calitz (25), Gansbaai Apteek se nuwe Bestuurder/Apteker.*

Emile is ongetroud, maar net voordat die jonger dames opgewonde begin raak, hy hoop om hierdie jaar nog verloof te raak. Sy meisie, Simone Liebenberg vir die afgelope drie jaar het ook in die aptekerswese studeer - sy is net 'n jaar agter hom. "Ons het mekaar tydens ons studiejare ontmoet," vertel hy met glinsterende oë. "Ongelukkig was ons jaarliks met sowat 1 500km van mekaar geskei - wanneer ek in Potchefstroom is, is sy in die Kaap en anders om." Simone Liebenberg het ook haar internskapsjaar by Groote Schuur Hospitaal gedoen. Tans is sy besig met haar gemeenskapsjaar by die Brandvlei-tronk in Worcester.

Emile sê hy sien daarna uit om die gemeenskap te leer ken. Hy is ook baie lief vir die buitelewe en het selfs al begin visvang - en hy speel ook 'n bietjie gholf. "Vir eers fokus ek op effektiewe dienslewering," het hy gesê. "Ek vertrou dat ek spoediglik daarin sal slaag om die gemeenskap se vertroue te wen, veral dié wat dalk kan dink ek is bietjie jonk vir die pos."

**Hardus Botha**


To Advertise Contact:
Michelle at ads@gansberg.co.za
Saskia at ads2@gansberg.co.za
Call our office at 028 205 0100

TE KOOP
Groot shoprider maksimum 125kg. Bedrading nuut oorgedoen en 4 nuwe batterye. Kort net 48 volt laaier.
R27 500 of naaste aanbod.
Plante in potte groot en klein, tuinversierings - 2 antieke ysterwiele en antieke tuinimplimente.
Skakel: 073 961 2883



Franskraal Rolbalbesigheidsliga
Begin 1 Februarie 2022
Inskrywingsvorms beskikbaar by:
Lani Swart 072 259 7370
Johan Wiese 084 680 1269
franskraalbowlsclub@gmail.com



There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

FYNBOS POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
TIMBER/NUTEC WENDY HOUSES
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
RUSTIC & CLEAR-CUT TIMBER PLANKS
WOODCHIPS AND SHAVINGS
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
GARDEN EDGING
PICKET FENCING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

## Church Notices

**AGS Church Ebenhaezer:**
Sunday Morning: 09:30am
Past. R Dyk 082 430 0266
Biduur (Mans) Dinsdag: 19h00
Biduur (Susters) Donderdag: 19h00

**AGS Mullerstraat:**
Sunday Morning: 09:00am (Worship Service)
Past. Frikkie Zeelie 082 498 6992

**Afrikaanse Protestantse Kerk (Birkenhead Boatclub)**
Sunday of the Month: 10:00am
Annetjie Otto 082 431 4980

**Lede in Christus Kerk**
Morning Service 10:00am
Evening Service 18:00pm
Wednesday: (Prayer hour) 19:00pm
Thursday: (Bible School) 18:15pm
Friday: (Womens Prayer hour) 10:00am
Sunday: (Childrens Service) 08:30am
Past William Parkin 060 982 1990

**Nederduitsch Hervormde Kerk (Hermanus)**
Every 2nd, 3nd and 4th Sunday (Sandbaai): 11:30am
Rev G.D van der Merwe 073 418 2346

**New Apostolic Church (Gansbaai Tourism Bureau Next to Spar)**
Sunday 09:00am
Wednesday 19:00pm
Rector: Aubrey Lourens 076 651 6789

**NGK Gansbaai**
Sunday 09:00am (In Church)
Sunday 09:00am (Family Service in Pretorius Hall)
Office number: 028 384 0510

**NGK Baardskeerdersbos**
1st and 3rd Sunday of the Month: 09:30am

**NGK Pearly Beach**
2nd and 4th Sunday of the Month 09:30am

**OMGEE Bediening (Church Street, Gansbaai)**
Sunday 09:00am
Tuesday 07:00am (Men's Bible Study)
Wednesday 18:00 (Prayer)
Deon en Linda Kloppers 083 234 2199 & 082 550 7313

**OMGEE Puren Bediening (Pearly Beach)**
Sunday 11:00am (Hall at Resort)
Deon Kloppers 082 234 2199 (Alan Lowenthal)

**Gansbaai Family Church (Buitekant Street)**
Sunday 09:00am
Weekly Prayer Meeting: Tuesday's at 17:00pm
Melissa Bester 081 389 3817 (All are Welcome)

**APK Kerk**

Annetjie: 082 431 4980

**Grace Community Fellowship, Gansbaai**
We are English, Bible Based, Evangelical Fellowship.
Meets at Gansbaai Library
Sundays at 09:00
Enquiries:
Dave Roos at 028 384 1107
082 686 4244

**Wondersig Tabernakel (Christen Kerk)**
Almal hartlik welkom
Sondae oggende: 10:45
By OMGEE bediening kerksaal
Kerkstraat 30, Gansbaai
Pastoor F Janssen 079 419 7070

**Please contact us on 028 205 0100 or email at info@gansberg.co.za to update your Church hours and dates.**

# Dinamiese Jonathan Doyle slaggereed vir waarnemende skoolhoofpos



*Jonathan Doyle in sy pos as waarnemende skoolhoof van Laerskool Gansbaai.*

Laerskool Gansbaai is nie 'wees' gelaat nadat die voormalige skoolhoof, Eben van der Merwe aan die einde van 2021 afgetree het nie. Eben het reeds op die laaste 2021-skooldag die skoolsleutels amptelik aan Jonathan Doyle (32) oorhandig. Jonathan is vanaf die eerste 2022-skooldag as waarnemende skoolhoof flink in beheer van skoolsake.

Hierdie 32-jarige dinamiese en energieke 'jongman' moet nie op sy baadjie getakseer word nie. In beheer van skoolsake is hy beslis en dan bied hy nog Wiskundeklasse aan vir Gr 4- en Gr 6-leerders. Die verskeidenheid van skole-sport speel ook 'n groot rol by hom waaraan hy nog al die jare baie aandag aan gewy het. "Ek beskou my nuwe waarnemende posissie as 'n groot uitdaging en is baie entoesiasties daaroor," vertel hy. "Ek is ook baie dank verskuldig aan die Beheerraad vir die vertroue wat hulle in my gestel het."

Jonathan het sy studies aan CPUT (*Cape Peninsula University of Technology*) aan die einde van 2011 voltooi, met spesialiseringsvakke Wiskunde en Biologie. In 2012, sowat 9 jaar gelede, word hy in Laerskool Gansbaai in sy eerste onderwyspos aangestel. In 2019 word hy as waarnemende Departementshoof aangestel en in 2020 as Departementshoof: Intermediêre Senior Fase, Gr 4 tot Gr 7.

"Ek is vol vertroue dat ons die mas behoorlik sal opkom," het hy gesê. "Ons het 'n jong en dinamiese Beheerliggaam en in ons personeelkorps het ons 'n goeie kombinasie van jong en ook ervare onderwysers, wat almal bereid is om baie hard te werk."

Jonathan is tevrede dat hulle slaggereed is met alle protokol-reëls en dat die skool van die begin af 100% vol is. "Laerskool Gansbaai is op 'n vernuwingspad en ek sien uit na die uitdagings wat in die nuwe jaar op ons wag," sê hy. "'n Goeie verhouding met die personeel, asook goeie kommunikasie tussen leerders, ouers, Beheerliggaam en die gemeenskap is vir my 'n belangrike prioriteit."

Johathan is met Melissa getroud, wat 'n Gr 2 onderwyser by Laerskool Gansbaai is. Die egpaar het 'n seuntjie, Michael (4) en 'n dogtertjie, Emily (2). Gans-Berg Nuus wens Jonathan net die beste toe vir die nuwe verantwoordlikheid wat nou op sy skouers rus. Die vertroue word uitgespreek dat, sou hy vir die pos as skoolhoof aansoek doen, dit suksesvol sal wees.

**Hardus Botha**



*Laerskool Gansbaai se voormalige skoolhoof, Eben van der Merwe (links), het op 2021 se laaste skooldag die skoolsleutels amptelik aan Jonathan Doyle oorhandig. (Argieffoto: Gans-Berg Nuus)*

# SAPS: Two suspects arrested for murder

On 21st December 2021 at about 13:00 SAPS members attended a shooting incident at Kapokblom Street Blompark. On scene, they found the lifeless body of the 30-year-old Cameron Padayachee with multiple gunshot wounds to his body on the pavement next to his car.

According to information, the deceased was in Kapokblom Street next to his car when he was approached by one gunman who fired multiple gunshots at him. The deceased succumbed to the severity of the injuries at the scene.

A murder case was opened, and two suspects Ismail Khan (21) and Ronaldo van der Berg (23) was arrested and already appeared in the Hermanus magistrate court. They were remanded in custody till their next court appearance.

**Enquiries:**
**Lieutenant Colonel W Coetzee at 082 778 7085**


## KENNISGEWING

## NOTICE

**KENNISGEWING**

In die Boedel van: SOPHIA MARGARETHA LOURENS

Identiteitsnommer: 3101070024081

Woonagtig ten tyde van lewe te: HERBERG AAN SEE, 10 KERK STREET, GANSBAAI

**(Boedelnommer: 003843/2021)**

Kennis word hiermee gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros HERMANUS vir 'n tydperk van 21 dae gereken vanaf 28 Januarie 2022.

**RICHARDS ATTORNEYS**
35 Barnardstraat
Gansbaai
7220
Tel: 028 384 1255
**Verwysing RR1756**

Richards Attorneys

# "Ons onthou..." -Boetie Bosman-


Boetie Bosman in sy 'Boetie se Houthok' soos almal hom sal onthou.

"As jy nie daaraan dink nie, sal dit nie gebeur nie; As jy iets kan verander doen dit, maar as jy nie kan nie, kom oor jouself en gaan aan; As dinge nie nou gaan verander nie, gaan dit net so bly." Hierdie is maar enkele van Boetie Bosman se bekende sêgoed wat sy kinders op sy '*Ons onthou...*'-blaadjie aangebring het. Hermanus Francois (Boetie) Bosman is op 9 Desember 2021 aan natuurlike oorsake oorlede (Gans-Berg Nuus, 17 Desember 2021).

'n '*Ons onthou...*'-diens is op Saterdag, 22 Januarie 2022 in die Birkenhead Boothengelklub se saal aangebied. Boetie se 8-jarige kleinseun, André, het die verrigtinge met gebed geopen. "Ons het dit as 'n gesellige geleentheid gereël soos wat ons weet my pa dit sou wou gehad het," het sy skoondogter, Marelize Bosman gesê. Sy het die huldeblyk oor Boetie se lewe gedoen. "Ek het hom 'pa' genoem, want toe ek hom die eerste keer 'skoonpa' noem, het hy gesê: 'Meisiekind, ek is nie altyd skoon nie, so sê sommer 'pa'!"

Boetie was maar drie weke oud met die gesin se aankoms in Gansbaai in 1952. Hy het hier grootgeword, was in Laerskool Gansbaai en daarna na Paul Roos Gimnasium. Hy was 'n kranige krieket- en gholfspeler en was ook die 1ste rugbyspan se losskakel. Hy is ook beskryf as 'n gesoute see-hengelaar wat die see en visse soos die palm van sy hand geken het. Baie mense sal Boetie as die man sonder bene in 'n rolstoel by sy besigheid, *Boetie se Houthok*, oorkant Franskraal se afrit onthou.

"My pa sal onthou word as 'n ware 'gentleman', 'n omgee- en liefdevolle mens, 'n raadgewer met 'n wye algemene kennis, hoogs intelligent, sy sin vir humor en 'n trotse pa en oupa vir sy gesin," het Marelize gesê. In sy huldeblyk het die Birkenhead Boothengelklub se voormalige voorsitter, Phillip Fourie, vertel dat hy en Boetie saam in Gansbaai grootgeword het. Hy het onder andere gesê: "'n Mens ontmoet baie mense op jou lewenspad, maar onthou min van hulle en Boetie was een van hierdie 'min' - hy het ook 'n verskil in ons en baie ander se lewens gemaak." Phillip het ook na Boetie se uitstaande kennis van die see en visse verwys - Boetie was die laaste paar jaar die klub se gewilde Inweegmeester tydens kompetisiedae.

Boetie se eggenote, Leonie, is in 2000 in 'n bootongeluk oorlede en 2 jaar later verloor hy sy een seun, Herman in 'n motorongeluk. Die oorblywende kinders wat uit die huwelik gebore is, is Antoinette Bosman van Hermanus en sy seun, Francois van Montagu. Francois is met Marelize getroud en hulle het 2 seuns, André (8) en Herman (10), wat Boetie se groot trots in sy lewe was.

**Hardus Botha**


Kleinseun André kry 'n 2de porsie.

Voor: André en Herman (kleinkinders). Agter: Marelize (skoondogter), Antoinette (dogter), Francois (seun) en Amanda (suster) en Pieter (swaer) le Roux.




## VACANCY / VAKATURE

Elim HOME
VICTAGHUS NOSTER ELIM SEQUAMUR
A residential special care centre for children with mental and physical disabilities
FOUNDED 12 OCTOBER 1963

## STAFF NURSE

**Registration with a Professional Council:**
Registration with the SANC as Enrolled Nurse

**Minimum requirements:**
-Certificate as Enrolled Nurse.
-Ability to communicate in 2 of the official languages.
-Willingness to work flexitime.

**Experience**
-Proven experience in nursing after registration is essential skills and competence.
-Professional ethics.
-Interpersonal, communication, counselling, conflict management, problem solving and decision-making skills.
-Supervision skills.

**All interested** and suitable qualified candidates should submit a motivational letter with clearly marked certified copies of their CV, ID, SANC registration and proof of all other qualification:

**The Director**
Mrs. Lesinda Cunningham
Elim Home
Tel: 028-4821988
Fax: 028-4821648
elimhome@zsd.co.za

**Closing date**: Monday 07th February 2022

*In the event that you do not hear from us after the closing date, please consider your application as unsuccessful.*







# SAPS: Shooting incident in Blompark

On Saturday 15 January 2022 at about 20:45 SAPS members attended a gang-related shooting incident that took place in Leeubekkie Street Blompark. On scene, members found the 28-year-old victim with a gunshot wound to his back. The injured victim was medically attended to and transported to the Hermanus hospital for treatment.

The incident is gang-related as both the victim and suspect are affiliated with different gang groupings. An 18-year-old suspect was arrested on a charge of Attempted Murder and appeared in the Hermanus magistrate court on Thursday 20 January 2022. Bail has been opposed.

Since the last gang-related incident during December 2021 up to the incident of Saturday night numerous anti-gang crime prevention operations were executed. The operations objectives were targeted against gang strongholds and the underworld organised crime syndicates. We will not stop with this kind of operation and intervention until we are satisfied that there are no more criminal gangs in the area.

Residents are urged not to give accommodation to these gang members as they are coming from the Cape Flats (Belhar and Bishop Lavis) to terrorise our communities. An anti-gang awareness project between SAPS and the Blompark neighbourhood was launched on Saturday 22 January 2022 (See article in this publication).

**Enquiries:**
**Lieutenant Colonel W Coetzee at 082 778 7085.**






# Pyporrelis van faam - sonder enige opleiding -Pikkie Louw-


Pikkie Louw agter die pyporrel.

"Musiek is nie net 'n passie in my lewe nie, dit speel sedert my kinderjare 'n baie groot rol in my lewe," vertel Pikkie Louw (48) van Gansbaai. Hy beskik oor 'n ingebore en natuurlike musiektalent wat moeilik is om te beskryf - reeds as 'n 5-jarige seuntjie het hy al sy besonderse talent op sy suster se klavier ontdek. "Terloops, die klavier in B'Bos se NG-Kerk het aanvanklik aan B'Bos se skool, waar ek skoolgegaan het, behoort, en dit is die klavier waarop ek begin speel het," vertel Pikkie.

Wat Pikkie se professionele orrel- en klavierspel nog meer interessant maak, is dat hy geen formele musiekopleiding ontvang het nie. Hy vertel dat hy net van selfhelpgidse en die internet gebruik gemaak het om homself te leer. "Ek sal nie eers Unisa se Vlak 1 Teorie-eksamens deurkom nie," spot hy met homself. Vanaf ±1994 het Pikkie sangbegeleiding in die Pearly Beach NG-gemeente op 'n klawerbord gedoen. Dit is ook daar waar hy vir die eerste keer professioneel begin klavier speel het.

Na die gesin se permanente verhuising na Gansbaai in 2005, het hy op 'n aflosbasis vir die NG-gemeente op die kerkorrel begin speel - nadat hy homself moes leer om vir die eerste keer in sy lewe 'n pyporrel te bemeester. "Ek glo ek is die enigste persoon wat in my werkswinkel na pyporrelmusiek luister en daarna gaan oefen om die tegniek te bemeester en dit ook aan te pas," vertel Pikkie. Vanaf 2008 is hy amptelik as aflos-orrelis aangestel. Die pos is geadverteer, maar aan die einde van die dag is hy as die gemeente se permanente orrelis aangestel. Oor die jare heen het hy homself deeglik as 'n uitstekende orrelis bewys en is ewe tuis agter die klavier, asook die orrel. "Wat vir my 'n 'blessing' is in Gansbaai-gemeente is, is dat daar baie musikale gemeentelede is," sê hy. "Dit maak dit makliker en lekker vir my om te weet dat almal spontaan by my orrel- en/of klavierspel inval."

Pikkie, eintlik Wynand (maar niemand sal weet wie dít is nie), is op 15 Maart 1973 in Bredasdorp gebore, maar het in Baardskeerdersbos grootgeword, waar sy pa die laaste skoolhoof van die skooltjie daar was. Daar was hy op skool vanaf Sub A tot St 5 (Gr 7), waarna hy na Laerskool Gansbaai se destydse Middelbare Skool vir St 6 (Gr 8) oorgeskakel het. Vir sy hoërskoolloopbaan is hy terug na Bredasdorp Hoërskool waar hy in 1991 gematrikuleer het.

Na skool het Pikkie sy verpligte militêrediens verrig. Daarna het hy vir 12 jaar sy eie Tuindienste-besigheid in Pearly Beach bedryf. Na die gesin se verhuising na Gansbaai in 2005, het Pikkie op die promosie-bedryf begin fokus. Sedert 2018 bedryf hy sy eie promosie- en konsultasiedienste onder die naam, *Creative C*. Hy bedryf steeds die besigheid, wat ook die reël en aanbied van geleenthede (*events*) insluit. "Covid-19 en die grendeltydperk het ongelukkig ook in my geval hierdie tipe van besigheid tot stilstand gebring," vertel Pikkie. "Sedertdien doen ek algemene onderhoudswerk aan huise soos klein aanbouings, verf, teëlwerk en dies meer." Nou-ja, 'n knap orrelis en musikant, maar duidelik ook prakties aangelê met niks wat vir sy twee hande verkeerd staan nie. Hy doen sommer self ook sekere onderhoudswerk aan die historiese pyporrel in die kerk.

Lesers sal dalk onthou van Pikkie wat in die verlede gereeld by Landbouskoue en -ekspo's in die Wes-Kaap gesien is en waar hy deel van die aanbiedingspan was. Veral ook by die jaarlikse en bekende Agri Megaweek Ekspo in Bredasdorp. Tydens die laaste Agri Megaweek Ekspo in 2017 in Bredasdorp was hy verantwoordelik vir die operasionele bestuur van die ekspo.

Op 28 Junie 1997 tree Pikkie met Alana (née Cloete) in Stellenbosch in die huwelik. Hy het Alana in Gansbaai ontmoet. Sy is sedert 1994 'n onderwyseres by Laerskool Gansbaai en vanaf 2003 'n Departementshoof. Twee dogters is uit die huwelik gebore. Wandi (19) is in 'n Assistent Onderwyspos by Gansbaai Primêr aangestel. Anli (21) is in haar finale jaar aan die Universiteit van Stellenbosch waar sy vir die BA-graad, *Menslike Hulpbronbestuur*, ingeskryf is. "Nee, ek het beslis nog nie kleinkinders nie, maar wel 'n paar 'peet-kleinkinders'," sê Pikkie laggend.

Vir die tydperk 2004 tot 2018 was Pikkie en Alana aktief by die NG-gemeente se Jeugbedieninge betrokke. "Ons is altwee baie lief vir kinders en het die tydperk met die jeug baie geniet," vertel Pikkie. Gedurende hierdie tydperk het die NG-gemeente met Gesinsdienste in die Pretoriussaal begin. Alana beman steeds die projektor tydens die dienste.

"Kan jy glo? So tussen alles deur het ek sowat drie jaar gelede, eers op hierdie ouderdom, saam met 'n vriend begin boothengel," vertel Pikkie. "Wanneer ek daarvoor kans kry, geniet ek dit so dat ek spyt is ek het nie lankal begin hengel nie." - nouja, musiekant, orrelis, konsultant, 'bouer' in die kleine en boothengelaar - Pikkie Louw.

**Hardus Botha**


Die Louw-gesin 'n tyd gelede: Pikkie en Alana, met hulle dogters Anli en Wandi.







# Traffic Offices' Operating Hours

Traffic offices in Kleinmond and Gansbaai will be open between 08:00 and 13:00 and from 13:45 till 15:15 on weekdays (i.e. Monday to Friday).

In Hermanus, traffic offices will be open on weekdays (i.e. Monday to Friday) from 08:00 till 15:15.

In addition, the Hermanus licensing and vehicle registration office will be open between the hours of 08:30 and 12:00 on Saturday 12 and 26 February 2022.

*Overstrand Municipality*




HIPPOMIX
Readymix concrete

PO Box 554 GANSBAAI 7220

Tel: 028 384 0086 Fax: 028 384 0373
Tel: 028 384 0020 Cell: 082 928 4663

info@hippomix.co.za

BLINDS & FLOORING studio

T 028 384 3898
C 082 417 5590

Shop 2, Protea Centre,
Main Road Gansbaai

Call us for a FREE quotation

We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring

info@blindsflooring.co.za





**ELS WATERDIGTING**
"Jou gat – my probleem"
Freddie Els - 082 593 3880
Goodshedstr 5 Industriële Area Bredasdorp
Tel: 028 425 1831 Faks: 028 425 2093
e-pos:freddie@elswaterproofing.co.za
KONTRUKSIEWATERDIGTING • RESERVOIRS • KANALE
DAMME • VERFWERK • GEREGISTREERDE ASBESKONTRAKTEUR

**G2G**
ELECTRICAL & APPLIANCE
Ben van Wyk: 062 657 9985

**Safe Home Solutions**
'YOUR SECURITY OUR PASSION'
Ricco: 082 300 6812
Esna: 066 237 5519
Office: 028 384 1895
24/7 Service
* Electric Fencing * Security Products* Home Maintenance
* Gate & Garage Motors * Property Management
safehomesolutionswp@gmail.com

**BUILDERS HARDWARE**
& Secondhand Building Material
Marius Cronje (Bestuurder) marius@bhgroup.co.za
Goodshedstr 5 Industriële Area Bredasdorp
Tel: 028 4252 911 Faks: 028 425 1031
E-pos: info@bhgroup.co.za

**SHADE & STEEL SOLUTIONS**
André Koekemoer
083 676 0119
Office
028 312 1650





Carports, shade sails and patio roll-up blinds.
Gates and steel roofs.
Any sewn product from PVC, canvas or shade cloth.
andre@shadeandsteel.co.za
www.shadeandsteel.co.za
Visit our Facebook page @shadeandsteel

24/7



Maintenance
Construction
Leak Detection
Renovations
Drainage
Solar
Insurance Work
084 569 2208
**Suidpunt Loodgieters**

**J&A Sementwerke**
Gansbaai
"Mededingende Pryse"
Sement, Blokke en Stene
Retaining Blokke
Plaveiselblokke - "Handy Planks"
Lanita Marais : 083 651 1965
Eldo Marais : 082 651 9373
Kantoor : 028 384 0494

**A. Jacobs Glass & Aluminium**
We supply & Fit
- Ballastrades
- Skylights
- Shopfronts
- Stable Doors
- Fancy Front Doors
- Stoep Enclosures
- Patio Doors
- Double Glazing

We Replace old wooden or metal frames with maintenance free Aluminium
We cover all areas
20 years of experience
FREE QUOTES
Aluminium Doors Window Frames Shower Doors
Anthony Jacobs: 083 496 5800
Whatsapp: 063 261 3909
Thank U / Shukran

**OVERBERG**
SINCE 1918
Call us for all your building needs.
FREE Delivery
Stanford Branch: 028 341 0691

**ELS BOUERS**
Geregistreerd: NHBRC, CIDB, BBR
Ockie Els - 082 570 0318
Goodshedstr 5, Industriële Area, Bredasdorp
Tel: 028 425 1831 Faks: 028 425 2093
e-pos: elsbouers@goggaconnect.co.za
AANBOUINGS & RESTOURASIEWERK
BOUWERK VAN HUISE & STORE


BUILDING
YOUR HOME


OJ
PLANT HIRE
Goodshedstr 5, Industriële Area, Bredasdorp
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
e-pos: sandmine@ojplanthire.co.za
• Verhuring van Diggers Excavators Vragmotors
• Padboumateriale
• Filling, Sand & Klip
• Grondverskuiwings-dienste


DEFENDoor
Protecting what you love
Dx310
Retractable Security Doors - Clear View Bars - Fencing
Aluminium & Steel
Roller Shutter Doors - Burglar Bars - Aluminium Louvre Shutters
We service the entire Overberg region.
Contact Henry: 084 551 3695 - overberg@defendoor.co.za - www.defendoor.co.za


SPECIALISTS IN:
WATERPROOFING
CONCRETE DECKS
ROOFS & FLASHINGS
CEMENT DAMS & FARM DAMS
RISING DAMP & PENETRATING DAMP
INTERIOR & EXTERIOR PAINTING
ROOF, GUTTER & DOWN PIPE PAINTING & REPAIRS
WOOD SPROCKET REPAIRS
ALL RELATED SERVICES
TORCH ON
TOP SEAL
WESTERN CAPE
060 952 9133
admin@topsealwesterncape.co.za
WATERPROOFING & PAINTING www.topsealwesterncape.co.za


Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676


Ceramic Firepit
OVERSTRAND
MEUBELS • FURNITURES
Ceramic Firepit
Build in Braai
Professional Braai, with 3Cr12 Black inside
Flueless Gas Fireplace
Contact Us For:
Braais:
Free Standing
Build-In
Portable
Firepit
Custom Made
Options
Fireplaces:
Flueless Gas
Build-In
Ceramic Firepots
Custom Made
Options
Installions
Log Holders
Grids
Charnewood Aire
5 Blue Rating
2-5kW Heat
GoodWood Logs
6.5Kg - Eco Friendly,
100% recycled sawdust
Slimeline Flatback fireplace
Logholders
Elephant Firepit
Address: Cnr of Voortrekker & Dirkie Uys Street
Tel: 028 285 0161 / WhatsApp: 083 628 9209
Email: info@overstrandmeubels.co.za


Comfi BEDS
Good days start at night
Sleep better on a Comfi bed.
Tel: 028 312 2616, 6 Whale Park, Adam Street, Hermanus. www.comfibeds.com


AVONTUUR
BOUERS
NHBRC REG.
MARCHEL AVONTUUR
073 649 6831
Marchelavontuur@gmail.com


SONIC
Liquid Rubber
WATERPROOFING
A Proudly South African liquid rubber waterproofing and sealant product developed for extreme weather condition
Tel: 084 921 7777


HMN Installations
For the best quality and prices on CCTV Installation and services contact us on
063 440 9429
Specializes in:
• CCTV Installation
• Upgrading of CCTV
• CCTV & Alarm servicing
• CCTV Fault findings
Don't let your safety wait contact us TODAY for your free quote!


TIGHT fit
garage doors & automation
INSTALLATION OF
Automatic Gate and Garage Openers
Repairs of Garage Doors and Gates
Intercoms & Electric Fencing
General Access Control Specialists
082 875 3354
NEXT LEVEL SMART
SDO4 SMART
CENTURION
D5 SMART
24 MONTH WARRANTY

# ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
